

PROGRAM

1. Musiek vooraf.....Simfonieorkes/Kamerkoor
 Simfonieorkes.....o.l.v. mnr. H. Lategan
 Kamerkoor.....o.l.v. mev. A. Armer en mev. B. Botha
2. Verwelkoming.....mej. L. Theron
3. Skriflesing en gebed.....mnr. F de Wet
4. Koor.....o.l.v. mnr. S. Buys en mnr. H. Lategan
5. Mnr. Gustav Fichardt, BL-voorsitter, aan die woord
6. *Lise Bezuidenhoudt*, hoofmeisie van 2019, aan die woord.
7. Kunswerke aan hoofleiers:
 Menanteau Beukes.....
 Eloïse van Driel.....
 Mila Arangies.....
8. Goue medaljes aan leerders 12 jaar op Oranje.....deur hulle ouers
 mev. D Coetzee
9. Goue medaljes aan leerders 15 jaar op Oranjemev. E. v.d. Merwe
10. Personeel.....mev. A. Klink
 6 jaar op Oranje: mev. L. du Toit
 12 jaar op Oranje: mev. I. Olivier, D. Coetzee
 20 jaar op Oranje: mev. J. Kuntzman, B. Botha
 Vertrekkende personeel: mev. B. Botha / mnr. H Lategan
11. 'n Jaar vol hoogtepunte.....mev. A. Klink
12. Prysuitdeling.....waargeneem deur die Departementshoofde
 - Graad 8 mnr. C. Fourie
 - Graad 9 mnr. S. Buys
 - Graad 10 mej. A. Roodt
 - Graad 11 mev. I. Olivier
 - Graad 12 mnr. D. Coetzee
13. Toekenning van spesiale pryse..... mev. A. Klink en
 dr. A. Bezuidenhoudt
 Medaljes: Brons, Silwer en Goud
 Spesiale pryse Ontvangers: 2018
 - Bettas Brümmer Gedenkrofee.....Janda Bornman

- Cailleigh Potgieter Wisseltrofee:
Trots Oranje: Gr.9Zelmi Marx
- Maritsa en Lynette Coetzee trofee vir Sang.....Boshoff en Fischer
Emma van Zyl en Elzé Koegelenberg
Marguerité Smith en Kani Pitso
- Rita Pansegrauw Sporthuisvaandel.....Boshoff
Emma van Zyl en Elzé Koegelenberg
- Kuratorium se Bybel.....Janda Bornman
- Mea Rood Gedenktrofee.....Renate van der Merwe
- Pietie Coetzee: Veelsydigheidstrofee.....Marieke le Roux
- Neels Neuhoff: Sportster.....Jacolene McLaren
- Ambassadeurstrofee vir Sport.....Christine Kruger
- Stofbergtrofee: Besondere kultuurprestasies.....Rehanjo Swanepoel
- Elsie van der Watt de Beer-skild: Beeldbouer.....Koor
- Ronelle Strydom Hoofmeisieskild.....Renate van der Merwe
- Dux-leerders
 - Gr. 8 Christina Muller trofee.....Chrismie Smith
 - Gr. 9 Ilse-Marie Pellissier trofee.....Chané Nel
 - Gr. 10 ML Spies trofee.....Ivanke van Jaarsveld
 - Gr. 11 Mariehetta Matthee trofee.....Lize de Wet
 - Gr. 12 Carin Barnard trofee.....Luané Spamer
- Miléna Janse van Vuuren trofee vir die beste prestasie
in akademie, sport, kultuur en leierskap.....Janda Bornman
- 14. Sport- en kultuurkapteins.....mev. R. Pool, mev. B Botha
mej. A Roodt, mev. I Wessels
- 15. Koshuis VRL 2019..... mev. A. Klink
mnr. N. Theart, mej. C. Marais
- 16. Leerderraad 2019/2020.....mev. A. Klink
mej. L. Theron, mev. I Olivier
- 17. Hoofmeisie 2020 aan die woord
- 18. Dankwoord..... mev. A. Klink
- 19. Matrikulante: Sang en Ps. 16
- 20. Skoollied.....mnr. H. Lategan
- 21. Die matrikulante verlaat die saal

LIED 203

Loof die Here, al wat lewe,
wil Hom dank en hulde bring -
Hy het al ons skuld vergewe,
ons 'n nuwe lied laat sing.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Loof die Vader, God en Heer!

Soos die vader sorg vir kinders,
Sorg die Heer vir wie Hom vrees.
Hy vergewe hul oortredings
en berei 'n vreugdefees.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Laat ons Hom gehoorsaam wees!

MATRIEKS 12 JAAR OP ORANJE

Lillian Alexander

Lise Bezuidenhoudt

Jané Britz

Lucelle Choene

Lucille Choene

Lize-Mari Coetzee

Inge Diffenthal

Megan Herbert

Talita Heyns

Annegret Joubert

Refiloe Khalata

Amoré Maarman

Kylin Marais

Pretty Mokotjo

Phemie Moshou

Benita Schoonwinkel

Chané Steyn

Bianca van der Vyver

Jean-Marie Venter

Megan Vorster

Anja Vosloo

MATRIEKS 15 JAAR OP ORANJE

Chané Adriaanse

Lené Boshoff

Carmen Fichardt

Caitlin Götttsch

Alida Jacobs

Nadine Kemp

Kira Koegelenberg

Minke Kruger

Rozelle Louw

Loyiso Mafongosi

Fifi Molekane

Mia Pretorius

Amori Roos

Fatima Seheri

Linge Steenkamp

Adine Swanepoel

Carolyn van der Merwe

Elé Venter

Megan Vertue

Simonné Yssel

PRINSIPAALSVERSLAG

1. AKADEMIE

1.1 UITSLAE: 2011 - 2018

Graad 12	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018
Aantal kandidate	122	127	134	117	155	144	142	150
Druipelinge	0	0	1	0	0	0	0	1
Universiteitstoelating	95	90,5	119	106	146	135	132	138
A- gemiddeld	23	23	24	24	31	36	25	29
Oonderskeidings	324	258	286	248	356	356	258	293
Graad 11								
Aantal kandidate	127	134	117	158	144	142	150	144
Druipelinge	0	0	0	1	1	0	0	0
Graad 10								
Aantal kandidate	137	115	164	149	142	154	149	147
Druipelinge	0	2	3	4	1	2	0	0
Graad 9								
Aantal kandidate	124	166	142	148	155	148	150	153
Druipelinge	8	0	1	7	2	1	1	1
Graad 8								
Aantal kandidate	165	143	148	151	150	154	150	152
Druipelinge	4	2	0	3	0	3	3	2
Slaagpersentasie	98,2	99,4	99,3	97,9	99,5	99,3	99,5	99,5%

1.2 DIE VRYSTAAT SENIOR SERTIFIKAATEKSAMEN: 2018

150 leerders skryf die Nasionale senior sertifikaat.
 149 leerders slaag die eksamen (99,33%).
 138 leerders behaal universiteitstoelating (92,61%).
 11 leerders behaal diplomatoelating (7,38%).
 29 leerders behaal 'n gemiddelde A-simbool (19,33%).
 54 leerders behaal 'n gemiddelde B-simbool (36%).
 44 leerders slaag met 'n C-simbool (29,33%).
 19 slaag met 'n D-simbool (12,67%).
 3 slaag met 'n E-simbool (2%).

Oranje het vyf leerders onder die top 50-matrikulante in 2018:

Luané Spamer
Eamónn Scholtz
Celine Kotzé
Isabella le Roux
Dané Redpath

Oranje is weer onder die top 50-skole in die Vrystaat.

Die volgende vakke ontvang van die Onderwysdepartement toekennings op provinsiale vlak:

Wiskunde Fisiese Wetenskap

1.3 AFRIKAANS

Oranje vaar in 2019 skitterend in Afrikaans Huistaal. Vir die elfde agtereenvolgende jaar eindig Oranje se matrieks eerste in die Vrystaat.

Al die matrieks slaag Afrikaans Huistaal met 'n gemiddeld van 70,2%. Negentien onderskeidings word behaal.

Die gr. 10-12-leerders woon as deel van hulle curriculum verskeie toneelopvoerings by. Gr. 12 woon die opvoering van *Mis*, sowel as *Onderwêreld* by. Die Gr. 11-leerders woon die opvoering van hulle drama, *My Japan*, by. Die Gr. 10-leerders woon 'n opvoering wat oor beeldspraak en stylfigure handel, by.

Kaitlin Els (gr. 11) eindig derde in die Poësie-afdeling van NALN- en die Bloemfonteinse Skrywersvereniging se landwyse kompetisie.

Vakhoof: mej. L. Theron

1.4 DRAMATIESE KUNS

1.4.1 Nasionale Toneelkompetisie

Op 17 Februarie neem ses van Oranje se leerders aan die eerste uitdunronde van die Nasionale Toneelkompetisie deel. Dit word deur Hoërskool Belville in samewerking met Kyk-Net aangebied. *Katie Reimers* in graad 11 word gekies as een van 80 finaliste in die land. Sy neem van 2 – 4 Mei deel aan die finale rondtes in die Artscape in Kaapstad. Sy dring deur na die Top 30 van die kompetisie.

1.4.2 Vrystaatse Kunswedstryd: 6-10 Mei

Altesaam 43 graad 8-12 dramaleerders van Oranje word deur mev. Pool ingeskryf en voorberei om verskeie items by die tweejaarlikse Vrystaatse Kunswedstryd aan te bied. Die leerders vertolk 53 individuele en/of groepitems en verwerf 27 A++'e, 22 A+'e en 4 A's.

1.4.3 Bewegingsklasse: Elize Cogle

Oranje se graad 10-12-dramaleerders is sedert 2007 al bevoorreg om weekliks, in klastyd, by mev. Elize Cogle onderrig in fisiese vertolkingskuns te ontvang. Mev. Cogle, 'n oud-Oranje, bring haar jare se ervaring as dansonderwyseres om ons dramaleerders se liggame te ontwikkel. Teen die tyd dat hulle in graad 12 is, het hulle al heelwat vaardighede aangeleer. Mev. Pool en die matriekgroepe skryf 'n storielyn vir 'n dansdrama. Met die hulp van mev. Cogle word vir elke groep 'n dansdrama wat pas by die tema van hulle groepvoordrag geskep. Elke jaar is die eksterne eksaminators vol lof vir die kreatiewe en afgeronde dansdramas wat die leerders aanbied.

1.4.4 Gasspreker: Paul Slabolepszy

Op 13 Mei besoek die bekende akteur en dramaturg Paul Slabolepszy Oranje. Hoërskool Fichardtpark, Jim Fouché en St. Michael's se dramaleerders, asook Oranje se graad 10 – 12-dramaleerders woon sy praatjie by. Hy deel veral sy ervarings as jong akteur en teatermaker gedurende die apartheidsjare. Vir die

leerders gee dit 'n persoonlike blik op hoe akteurs in daardie jare teater gebruik het om protes te lewer en bewusmaking te kweek. Vir die dramaleerders lewer Paul se ervarings 'n waardevolle bydrae om hul voorgeskrewe Suid-Afrikaanse teaterkennis te verdiep.

1.4.5 Graad 12-Dramatiese Kuns eindeksamenprakties

Op 12 Augustus om 19:00 bied die graad 12-dramaleerders hulle praktiese werk vir 'n gehoor in die Drama-ateljee aan. Twee leerders doen elk 'n individuele temaprogram, getiteld **Kwesbaar** en **Las**. Die res van die klas doen as groep 'n temaprogram, getiteld **V(rou)**.

Op 13 Augustus doen die leerders hulle programme vir die hoofnasiener en interne moderator wat baie beïndruk is met die leerders se vaardighede en die programme wat 'n sterk element van vermaaklikheid bevat

1.4.6 Tienertoneel

Oranje se toneelgroep, onder leiding van *mev. Pool*, begin reeds in Februarie aan die nuwe toneelstuk **tyd.saam** repeteer. Die aktrises is *Kiara Rademan, Hilda Olivier, Katie Reimers, Thanya Venter* en *Kristen Fichardt*, met *Rehanjo Swanepoel* en *Faron Faro* as ons tegniese span.

Hierdie jaar se produksie is 'n eerste vir Oranje – poppeteater. Ter nagedagtenis aan haar mentor, *mev. Reynette Brink* (eertydse adjunkhoof van Oranje) en 'n beeldhouwerk van *Angus Taylor*, skryf *mev. Pool* die teks. Die woorde vertel van 'n ou vrou en hoe tyd haar laat vergeet het en haar uiteindelik ook help onthou. Die rol van tyd word deur 'n unieke karakter vertolk. Haar naam is Jenny en sy is 'n donkie. Ons donkiepop. Meesterlik deur *Erick Strydom* ontwerp en geskep.

Na ure se repetisie kry *Kristen* en *Thanya* dit reg om die donkie te manipuleer. *Katie, Hilda* en *Kiara* vertolk een vrou as oud, jonk en middeljarig. Nie een van die spelers praat 'n woord op die verhoog nie.

Die teks is vooraf opgeneem en met behulp van *Elsa Krantz, Rehanjo Swanepoel* en *Karin van der Vyver* kry die woorde op die verhoog lewe. *Rehanjo* is in beheer van die klankbord. *Faron* beweeg tussen die spelers en belig hulle met twee flitse. Dis teater in die klein met 'n groot hart.

1.4.7 Poppeteater-werkswinkel: Janni Younge

Op 13 en 14 Junie kry *mev. Pool* en die tienertoneelgroep die geleentheid om 'n meesterklas by te woon wat Janni Younge spesiaal by Oranje kom aanbied.

Janni is 'n internasionaal erkende skepper en regisseur van kontemporêre poppeteater en visuele opvoerende kunste wat op volwasse gehore fokus. Vanaf 2011 – 2014 was sy deel van die Handspring Puppet Company (*War Horse*) en bestuur haar eie produksiemaatskappy in Kaapstad. Sy is 'n graduandi van die nasionale skool vir poppeteater in Frankryk.

Janni vind aanklank by die teks en donkiepop en leer en motiveer ons om kreatief met haar te werk. Sy verfyn die manipulasietegnieke. Na die tyd komplimenteer sy die leerders se toewyding en fokus om die donkiepop op die verhoog te laat lewe.

Tyd.saam debuteer op 2 Julie by die **Reza de Wet-Tienertoneelfees**. Dit is die twaalfde fees wat Oranje aanbied. Dis steeds 'n groot voorreg om dit met die ondersteuning van die Vrystaatse Kunstefees te kan aanbied. Dit vind op 1 en 2 Julie in die Albert Wessels Ouditorium by die UV plaasvind.

Ons is ook baie dankbaar vir die Kunstetrust se borgskap van R5 000 vir die wenner van die beste nuutgeskrewe teks.

Die ATKV het ook hierdie jaar 'n borgskap van R5 000 aan die fees toegestaan. Met behulp van hierdie borgskap kon *mev. Pool* met baie hulp en ondersteuning van *mev. Dempers*, 'n nuwe program vir die fees ontwerp en laat druk as bylaag van die **Vooruit**-skoolkoerant. Die twee toneelhoeroe, was Hennie van Greunen en dr. Pierre-André Viviers (professor aan die NWU) wat waardevolle repliek op elke stuk lewer.

Die skole wat deelgeneem het, was:

- C en N Sekondêre Meisieskool Oranje met ***tyd.saam***
- Hoërskool Martin Oosthuizen met ***Die maan is van kaas***
- Hoërskool Zwartkop met ***Vrinne***
- Hoërskool Upington met ***Kgalagadi***
- Hoërskool Eldoraigne met ***Lentelus***
- Hoërskool Noordheuwel met ***Waterbrief***

- Afrikaanse Hoër Meisieskool met ***Selene en die sekelmaan***
- Helpmekaar Kollege met ***Forté***
- Hoërskool Hugenate met ***Skryf***
- Hoërskool Sentraal met ***Overgang***
- Curro Heuwelkruin met ***Die aapskloeters van Kransburger-pas***

Hierdie geleentheid is nie 'n kompetisie nie. 'n Feesproduksie word wel aangewys, asook toekennings vir verdienstelike prestasies. Oranje (as gasskool) bied aan die deelnemende skole die geleentheid om die toekennings te ontvang en kom nie vir enige toekennings in aanmerking nie.

Toekennings:

- Feesproduksie: Hoërskool Noordheuwel met ***Waterbrief***
- Beste nuutgeskrewe teks: Lesley Swart vir ***Kgalagadi***
- Beste akteur: Vaughan McLea vir sy rol as Miguel Westwood in ***Forté*** van Helpmekaar Kollege
- Beste aktrise: Minke Marais vir haar rol as Nina in ***Waterbrief*** van Hoërskool Noordheuwel
- Beste akteur in 'n ondersteunende rol: Luan Swart as Moritz Stiefel in ***Lentelus*** van Hoërskool Eldoraigue
- Beste aktrise in 'n ondersteunende rol: Danelle Jacobs vir haar rol as Juffrou in ***Die maan is van kaas*** van Hoërskool Martin Oosthuizen
- Beste Ensemble: ***Skryf*** van Hoërskool Hugenate
- Beste regie: Mariki de Villiers-Knop vir ***Waterbrief*** van Hoërskool Noordheuwel



Volg die Facebook-bladsy *Reza de Wet-Tienertoneelfees* vir die afgelope jare se stories en foto's.

1.4.8 Tienertoneel 2019

Woensdag, 31 Julie, vertrek die groep na Fraserburg vir die 44e *Logan Toneelfees*. Oranje se produksie, ***tyd.saam***, betree die verhoog op 2 Augustus om 23:45 en die laaste lig doof uit om 00:10. Dus het Oranje een toneelstuk oor twee dae opgevoer!

Die produksie verwerf goud vir regie, teks, klank en ensemble. Silwer vir beligting en *Rehanjo* as stemkunstenaar. *Kristen* en *Thanya* ontvang die *Sir*-trofee vir hul

besondere manipulasie van die donkiepop. Ons ontvang ook nominasies vir innoverende gebruik van Afrikaans en beste ensemble.

Op Vrouedag, 9 Augustus, neem Oranje aan die ATKV-Tienertoneelkompetisie op streeksvlak by die Wynand Mouton Teater deel. Henrietta Gryffenberg en Marlo Minnaar is die beoordelaars.

Die volgende toekennings word gemaak: Goud aan stemkunstenaar Elsa Krantz, Erick Strydom as poppemaker, mev. Pool vir hantering van tegniese aspekte, nuutgeskrewe teks, regie en spesiale effekte, *Faron* vir beligting, ensemble en produksie. Silwer aan stemkunstenaar *Karin van der Vyver*, mev. Pool vir choreografie, klankbaan en stelontwerp, *Katie* vir spel, *Thanya* en *Kristen* vir manipulasie van die donkiepop, *Rehanjo* as klankoperateur en *Louiza Combrink* (oud-Oranje) vir die opwip-boek. Brons aan *Kiara* en *Hilda* vir spel, *Rehanjo* as stemkunstenaar, *Katie* vir manipulasie van die donkiepop en lieve Jenny ontvang ook 'n toekenning vir spel!

Oranje is een van vier produksies wat deurdring na die Streeksfinaal op 10 Augustus. Die beoordelaars ruil vir die Streeksfinaal uit, en Saterdagmiddag is dit Marlo Minnaar, Tara Notcutt en dr. André Gerber wat beoordeel. **Tyd.saam** beïndruk die nuwe span beoordelaars en word as streekswenner aangewys.

Op 2 September ontvang mev. Pool die wonderlike nuus dat Oranje as een van 15 landswye produksies na die nasionale finaal van die ATKV-Tienertoneelkompetisie genooi word. Dit vind plaas vanaf 23–28 September in die Adam Small Teater in Stellenbosch.

Op 20 Augustus tree ons op by die Montagu Jeug Kunstefees en ontvang die volgende toekennings: dubbelgoud vir teks, regie, klankoperateur, beligtingsoperateur, rekwisiete, kostuums, opwip-boek, vyf aktrises en Jenny. Ons ontvang ook nominasies vir beste gebruik van tegniese hulpmiddels, beste nuutgeskrewe teks en regie.

Mev. Pool en die toneelgroep besoek op uitnodiging die Pionier Skool vir siggestremde leerders in Worcester. Die skool volg dieselfde leerplan as hoofstroomskole en wil graag in 2020 Dramatiese Kuns as vak begin aanbied. Daarom het mev. Pool 'n paar ekstra dramatekste en handboeke van Oranje vir die drama-onderwyser by die skool saamgeneem. Ons stel ook die graad R-leerders voor aan ons donkiepop. Met geoefende handjies leer ken hulle elke deeltjie van haar lyf. Die opgewondenheid en nuuskierigheid was iets om te

beleef! Daarna het ons teaterpret saam met die matrieks gehad en vinnig besef ons almal deel 'n passie vir drama.

Vakhoof: mev. R. Pool

1.5 DUIITS

Die Duitsdepartement gaan steeds van krag tot krag. Buiten mevv. Botha en Vosloo het ons steeds vir me. Kristin Göbel, wat deur die Duitse regeringsafdeling vir buitelandse Duitsonderrig by Oranje aangestel is, aangesien ons sulke hoë leerdergetalle het.

Die jaarlikse Duitsaand se tema vanjaar was "*Spiel und Spaß*" (Speletjies en Pret), wat regtig 'n prettige affêre was!

Die leerders het tans die geleentheid om DSD I gratis af te lê, wat beteken dat hulle 'n B1-kwalifikasie kan behaal. Vanjaar is die vyfde jaar dat ons leerders hierdie eksamen kan skryf.

Die FSA-uitruilprogram word ook nog goed ondersteun. Heelwat van ons leerders neem aan die program deel. Verder het ons intussen 'n susterskool in Duitsland gekry, wat met ons 'n uitruilprogram begin het. Drie van ons leerders was verlede jaar na Schule Schloss Buldern naby Münster en hulle gassussies het vanjaar na ons gekom. Verder het ander dogters privaatuitruile gedoen. Met al hierdie kontak tussen die jong mense van verskillende lande glo ons dat dit 'n bydrae tot internasionale verdraagsaamheid kan lewer.

Daar word weer vir volgende jaar 'n Duitslandtoer beplan – hierdie keer gedurende Junie.

Na twintig en 'n half jaar as Duitsleerkrag aan Oranje lê mev. Botha in Desember die tuig neer.

Vakhoof : mev. B. Botha

1.6 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAP

Hierdie vak word by OMS slegs in graad 8 en 9 aangebied. In hierdie twee jare bestaan die vak uit konsepte van ekonomie, entrepreneurskap en Rekeningkunde.

By Oranje (asook as deel van die nuwe KABV-kurrikulum) word die klem op Rekeningkunde gelê, aangesien die basis vir die vak baie belangrik is.

Ons volg tans die rooster soos deur die departement verskaf. Dit beteken dat Rekeningkunde, Ekonomie en Entrepeneurskap deurgaans in die kwartaal behandel word. Elke kwartaal word 'n toets geskryf en taak gedoen. Van hierdie jaar af het ons ook die vraestel in die eksamen in twee vraestelle verdeel, vraestel 1: Entrepeneurskap en Ekonomie en vraestel 2: Finansiële geletterdheid (Rekeningkunde).

Vakhoof: mev. I. Olivier

1.7 ENGELS

Oranje vaar uitstekend in die Engelse matriekeksamen. Vir die agtste agtereenvolgende jaar eindig Oranje se matrieks eerste in die Vrystaat en behaal 59 onderskeidings met 'n gemiddeld van 75,4%

Engels Huistaal word vir graad 10- en 11-leerders aangebied.

Vakhoof: mev. D. Coetzee

1.8 FISIESE WETENSKAP

Oranje eindig in 2018 onder die toppresterende skole in Fisiese Wetenskap met 'n 100%-slaagsyfer en 'n gemiddeld van 69,7%.

Oranje word in 2018 as die top-Wiskunde- en Fisiese Wetenskapskool in die Vrystaat aangewys.

Leerders maak deeglik gebruik van spreekure - ekstra klasse word kosteloos aan die leerders gebied.

Vakhoof: mnr. C. Fourie

1.9 GEOGRAFIE

Oranje se Geografie Departement het in 2018 goed presteer en een onderskeiding opgelewer.

'n Navorsingstuk word elke jaar deur die leerders voorgelê. So word dogters gehelp om navorsing te doen oor hedendaagse, geografiese konsepte bv. wat is Suid-Afrika se toekoms met alternatiewe water- en energiebronne? Die vak lê die grondslag vir verdere studie op tersiêre vlak.

Vakhoof: mev. M. Cloete

1.10 LEWENSWETENSKAP

1.10.1 Bio-Science Global Olimpiade

Bea Louw ontvang 'n brons toekenning.

1.10.2 Graad 10-Ekologiekamp te Soetdoring

Die jaarlikse kamp bly 'n hoogtepunt op Oranje se program. Ongeag die feit dat die kamp oor akademie handel, is daar voldoende tyd vir ontspanning en pret. Die spyskaart bly 'n wenner. Drie en negentig leerders het vanjaar die kamp meegemaak. Daar is aan die volgende aktiwiteite aandag gegee:

- Hoe pas ek by my omgewing in?
- Basiese Ekologie
- Voedselkettings en voedselwebbe
- Herbariums
- Slang en hul gewoontes
- Terresteriële habitat
- Biodiversiteit
- Wildritte
- Akwatiese habitat
- Avontuurbaan
- Sterre en nagruimte
- Plastiekherwinning
- Omgewingspeletjies

Die kamp vorm 'n belangrike komponent van die sillabus en vorm deel van die praktiese assessering van die vierde kwartaal.

Vakhoof: mnr. G. Bosch

1.11 MEDIASENTRUM

Die volgende medialeiers het tydens 2019 in die biblioteek diens gedoen: *Zoë Du Plessis, Roechelle Koekemoer, Mieke Louw, Tshid Tau, Omphile Lephalo, Caylin De Andrade, Mariana Nyanyatsi, Zanele Moshane, Tumi Moholoagae, Manana Thuetsi, Elize Hoffman en Lea Maasdorp.*

Dankie vir julle harde werk.

Organiseerder: mev. N. Swanepoel

1.12 NATUURWETENSKAP

Natuurwetenskap poog om graad 8- en 9-leerders aan verskeie aspekte van die wetenskap bekend te stel.

In die eerste kwartaal word die onderwerp Lewe en Lewende dinge behandel. In die tweede kwartaal maak die leerders kennis met die onderwerp Materie en Materiale, terwyl in die derde kwartaal gefokus word op Energie en Verandering. In die vierde kwartaal word gepoog om die leerders se kennis oor die Ruimte te verbreed.

Die leerders kry die geleentheid om verskillende wetenskaplike prosesse en tegnieke baas te raak om hulle sodoende vir Lewens- en/of Fisiese wetenskap voor te berei.

Vakhoof: mev. I. Wessels

1.13 REKENINGKUNDE

In 2018 was daar 42 leerders: Vyftien onderskeidings word behaal. Die gemiddeld was 71,8%. Die klas beklee 'n derde posisie in die Motheo-streek.

Ongeveer 145 leerders van graad 10 tot 12 neem tans Rekeningkunde. Die leerkragte is uiters opgewonde oor die belangstelling in die vak. Dit is egter jammer dat leerders te maklik tou opgooi indien hulle nie met 'n vak sukses behaal nie.

Die besluit deur die departement om Wiskunde verpligtend te maak om Rekeningkunde te neem, het 'n groot invloed op die getalle gehad. Die besluit is egter na een jaar deur die departement ter syde gestel.

Vakhoof: mev. I. Olivier

1.14 SOSIALE WETENSKAP

Hierdie vak word slegs vir graad 8 en 9 aangebied. Die vak bestaan uit Geskiedenis en Geografie.

Indrukwekkende navorsingstukke word in Graad 8 en 9 deur die leerders gedoen. Die klem lê veral op selfwerkzaamheid.

Die skryf van paragrawe en hoe om 'n opsomming te maak, is ook 'n groot prioriteit, omdat dit 'n vereiste vir enige vak in die Senior fase is.

Vakhoof: mev. M. Cloete

1.15 TEGNOLOGIE

Tegnologie bly 'n opwindende vak vol uitdagings. Die leerders hanteer elke uitdaging met die grootste gemak.

Alhoewel 'n groot deel van die inhoud van die vak dalk eerder seuns se belangstelling sal prikkel, deins die dogters geensins daarvoor terug nie. Ons probeer ook om die jong dames te leer dat geslag nie 'n beperking mag wees nie. Alhoewel ons binne die voorskrifte van die kurrikulum bly, poog ons om van die take meer damesvriendelik te maak. Daarom maak hulle handsakke, veeldoelige houers en leer meer omtrent interieur.

Die maak van kos aan die einde van die jaar bly 'n hoogtepunt.

Insleepvoertuie, speelgoed wat kan beweeg en handsakke word in samewerking met die VCSV aan speelgroepe en leerders in minder bevoorregte skole geskenk.

Mnr. Van Niekerk hanteer steeds die TT-afdeling van die vak. Hulle leer om lyne, perspektiewe, isometriese en ortografiese projeksies te teken.

Tegnologie dien as grondslag vir baie ander vakke, bv. Verbruikerstudie, Fisiese Wetenskap, Wiskunde, ens.

Vakhoof: mej. A. Liebenberg

1.16 VERBRUIKERSTUDIE

Hierdie vak bied aan die dogters die geleentheid om kreatief te wees. Die kreatiewe idees gee weer aanleiding tot entrepreneursgeleenthede. Die hoofdoel van verbruikerstudies is nie net om verantwoordelike verbruikers op te lei nie, maar ook om die dogters vaardighede aan te leer om suksesvolle entrepreneurs te word.

Die vak is baie gewild en 221 dogters neem Verbruikerstudies. Daar is vier groepe in gr. 11 en 12 en drie groepe in gr. 10. Die onderwysers, mev. L. Botha en mev. L. du Toit, het twee groepe elk in gr. 11 en 12. Mev. L. Botha het twee gr. 10-groepe.

Altesaam 80 gr. 11-leerders het die Ancor-giskursus in die eerste kwartaal bygewoon. Die leerders het baie op die kursus geleer. Hulle het self brood en ander gisgebak voorberei, gebak en geniet. Al die leerders ontvang bywoningssertifikate vir die kursus.

Twee Verbruikerstudieleerders het die All Girls Festival, wat gesamentlik deur die Hoër Meisieskool Paarl en La Rochelle Girls' High School in die Paarl aangebied is, bygewoon. *Caroline van der Merwe* en *Jana Redpath* is op grond van hulle praktiese eksamenpunte in gr. 10 en 11 vir die Masterchef-span gekies.

Die afdeling waaraan hulle deelgeneem het, was Boland Cuisine. Hulle het die "Spice Route", Fairview, Babylonstoren, Folaige Restaurant, Huguenot Fine Chocolate en die Franse Hugenoot-monument besoek. Hulle het demonstrasies deur *sjef Mynardt Joubert* en *Herman Lensing* bygewoon. Hulle het ook aan 'n kookkompetisie op die Hurst-kampus deelgeneem. Ons is baie trots op hulle uitstekende gedrag en goeie werk.

Oranje het vanjaar 94 produkte vir die Bloemskou ingeskryf. Die leerders het baie moeite met hulle produkte gedoen en is daarvoor beloon. Baie dankie aan almal wat ingeskryf het. Ons beoog om volgende jaar 150 produkte in te skryf en moedig alle leerders aan om deel van die wengroep te word.

Die uitslae van die skou is soos volg:

Gr. 8:

Heleen Hageman het haar Maartvakansie goed gebruik en produkte gebottel. Dit wissel van kondensmelk, kaassmeer, konfyte, slaai- en braaisouse, koeldrankstropie en nog baie meer. Haar harde werk is goed beloon en sy ontvang die volgende pryse:

Hoogs aanbeveel	–	3 produkte
Derde plek	–	3 produkte
Tweede plek	–	7 produkte
Eerste plek	–	3 produkte

Sy ontvang ook die Bloemskou-wisseltrofee vir Plaasprodukte

Gr. 10

<i>Chanté Meyer:</i>	Derde plek	mosterdsous
<i>Eilir Lindeque:</i>	Tweede plek	piesangbrood
<i>Johané Janse van Rensburg:</i>	Tweede plek	skons
	Tweede plek	wafels
<i>Lenice Janse van Rensburg:</i>	Tweede plek	dougnuts
	Eerste plek	wafels
<i>Nicolene Claassens:</i>	Eerste plek	muffins
	Eerste plek	dougnuts

Sy verower die trofee vir die leerder met die hoogste punt in die gebakafdeling (90%).

<i>Anne Hageman:</i>	Hoogs aanbeveel	4 produkte
	Derde plek	4 produkte
	Tweede plek	6 produkte
	Eerste plek	2 produkte

Sy verower die trofee vir Uitstaande Inskrywing in dié afdeling.

Gr. 11

<i>Chelby Lorandi:</i>	Derde plek	piesangbrood
<i>Brizél Britz:</i>	Tweede plek	rolkoek
<i>Marguerite Venter:</i>	Eerste plek	piesangbrood
<i>Aldorette Kriel:</i>	Eerste plek	dadelbrood
<i>Chloë Cilliers:</i>	Hoogs aanbeveel	klapperys
	Tweede plek	malvalekkers

<i>Liza-Mé Henning:</i>	Derde plek	gemmerbrood
	Tweede plek	dadelbrood
	Eerste plek	rolkoek

Gr. 12

<i>Rozelle Louw:</i>	Derde plek	sjokoladerolkoek
<i>Zanné Pienaar:</i>	Derde plek	sjokoladebruintjies
<i>Janine Kala:</i>	Derde plek	fantasiekoek
<i>Janine van Rooi:</i>	Tweede plek	fantasiekoek
<i>Lizen Pienaar en Paula Botha:</i>	Eerste plek en spesiale prys	vir fantasiekoek.

Die skool verower die wisseltrofee vir die skool met die tweede meeste punte in die gebakafdeling vir hoërskole.

Baie geluk aan al die pryswenner! Baie dankie aan almal wat deelgeneem en hard aan hulle produkte gewerk het.

Altesaam 52 gr. 12-leerders is verplig om aan die Verbruikerstudie-olimpiade deel te neem. Die uitslae van die olimpiade sal eers later bekendgemaak word.

Vakhoof: Mev. L. Botha

1.17 VISUELE KUNS

Die gr. 8- en 9-leerders het vanjaar weer met verskeie kunsdissiplines vertrouwd geraak, sodat hul 'n breër agtergrond en kennis van die vak het wanneer hulle vakkeuses vir gr. 10 moet doen. Van die leerders het ook weer vir die Santam-kinderkunskompetisie ingeskryf.

Die gr. 8-leerders het aan die hoofmeisieprojek deelgeneem waarin kunswerke gemaak word waarvan drie aan die hoofdogters geskenk word.

Die gr. 10-leerders is blootgestel aan 'n verskeidenheid van kunstegnieke soos linodrukwerk, beeldhouwerk en tekentegnieke wat houtskool en pastel insluit. Hulle het ook aan 'n skilderwerkswinkel deelgeneem wat deur mnr. Neels Saayman aangebied is.

Gr. 11- en 12-leerders werk aan hul praktiese temas in hul gekose kunsmedia. Die kunsklasse wat in die middag gehou word, verseker dat die leerders genoeg ervaring in hul praktiese dissiplines opdoen en ook nuwe tegnieke aanleer.

Die volgende leerders presteer op die Bloemskou:

<i>Anri du Plessis</i>	Spesiale prys	(gr. 8)
<i>Kaelin Barlow</i>	Tweede prys	(gr. 10)
<i>Sandri Smit</i>	Derde prys	(gr. 10)
<i>Mieke Louw</i>	Derde prys	(gr. 9)
<i>Rehanjo Swanepoel</i>	Hoogs aanbeveel	(gr. 11)
<i>Lizka Fouché</i>	Hoogs aanbeveel	(gr. 10)

Anri du Plessis (gr. 8) behaal ook 'n besondere prestasie deurdat haar kunswerk gekies is om in SANTAM se Kinderkuns-almanak van 2020 te verskyn.

Lizka Fouché en *Kaelin Barlow* neem aan die Nasionale Museum Kunskompetisie deel en behaal onderskeidelik 'n eerste en derde plek.

Vakhoof: mev. A du Plessis

1.18 VOORLIGTING

Die gr. 8's het aan die begin van die jaar IK-toetse by 'n sielkundige afgelê om elke leerder se vermoë vas te stel.

Al die gr. 9's het die "*Differential Aptitude Tests (DAT)*" voltooi. Dit is 'n aanlegtoets wat die skool vir elke gr. 9-leerder beskikbaar stel om met hulle vakkeuses te help. Die uitslae word aan die leerders en hulle ouers gegee.

Gr. 10- en 11-leerders doen gedurende September vir 'n week skaduwerk by 'n werkplek van hulle keuse.

Die skool reël vir die gr. 12-leerders verskillende sprekers van verskeie beroepe. Inligting van die verskillende universiteite word deur hul bemarkers verskaf. Die gr. 12's word ook met hul aansoekvorms en vereistes vir elke universiteit gehelp.

Organiseerder: mej. E. Riley

1.19 WISKUNDE EN WISKUNDIGE GELETTERDHEID

1.19.1 Wiskunde

Die Wiskunde Departement het in 2018 uitstekende uitslae behaal met 'n 100%-slaagsyfer in die matriekeindeksamen. Wiskunde het 19 onderskeidings behaal en Wiskundige Geletterdheid 21.

Die skool ontvang R 100 000 van die Onderwysdepartement as een van die top 5-Wiskundeskole in die Vrystaat. Oranje ontvang ook die toekenning as die Beste Wiskunde-en-Skeinatskool in die Vrystaat.

1.19.2 Olimpiades

Oranje leerders het aan die Harmony Olimpiade, asook aan die Amesa Olimpiade deelgeneem.

1.19.3 Admaths

Admaths vir gr. 9-11 leerders word deur *mev. T. Prinsloo* aangebied. Dit is 'n gevorderde wiskunde. Leerders wat 80% of meer behaal, kan die vak neem. Inligting in verband met Admaths kan van hul webtuiste verkry word.

1.19.4 Master Maths

Master Maths word in een van die skool se rekenaarsentrum aangebied. Leerders wat belangstel, kan *mev. Carien James* kontak.

1.19.4 Beeld, Burger en Volksblad aanlynkompetisie

Leerders neem die afgelope twee jaar aan dié kompetisie deel. Die prysgeld is die groot aantrekkingskrag.

1.19.5 Wiskunde ekstra klasse

Mnr. Carel van Aswegen bied op Maandag- en Dinsdagmiddag Wiskundeklasse vir gr. 8- en gr. 9 leerders aan.

Vakhoof: mej. A. Roodt

1.20 WÊRELDKENNIS-OLIMPIADE

Vanjaar het 17 dogters aan dié olimpiade deelgeneem. Niemand het enige prys behaal nie.

2. KULTUUR

2.1 @OMS

@OMS is Oranje se eie skryfbehoeft- en klerewinkel. Ons verkoop produkte eie aan Oranje, byvoorbeeld OMS-komberse, -serpe, -handdoeke, -swempette en -swembroeke. Vanaf die begin van 2008 word die skoolsweetpak en skoolsportklere ook uit die winkel verkoop.

Die winkel poog om in die behoeftes van Oranje te voorsien met skryfbehoeftes teen die laagste pryse, tweedehandse klere van gehalte en produkte eie aan Oranje.

Vanaf 2007 word die winkel bestuur deur *mev. Esmé van der Merwe*, wat 'n salaris uit die winkel se wins verdien. Sy is verantwoordelik vir die bestuur, aankoop en verkoop van die goedere. *Mev. Tracy Karstens* is vanaf die begin van die jaar aangestel om *mev. Van der Merwe* te ondersteun. Die leerders wat haar hierdie jaar bygestaan het, was *Shanice Beukes, Antoiné van Eeden, Melissa Murphy* en *Elöise Lotter*. Die leerders ontvang elke kwartaal 'n bedrag wat afhang van die aantal sessies wat hulle werk.

Sedert Oktober 2015 het die winkel verdeel, sodat 'n gedeelte van die wins na die laerskool gaan en 'n gedeelte van die wins na die hoërskool. Alle produkte word steeds uit die winkel verkoop. Hierdie wins word tot voordeel van Oranje aangewend word. Daar is 'n deurlopende positiewe groei in die verkope van die winkel. Vanjaar is, soos vorige jare, winsgewend.

Die organiseerders van @OMS wil graag die personeel van die winkel bedank vir hul harde werk in 2018.

Personeel: mevv. E. van der Merwe, T. Karstens
 Organiseerder: mev. I. Olivier

2.2 KOORSANG

2.2.1 Koor

Die koor bestaan hierdie jaar uit 85 dogters en staan onder leiding van *mnr. Stefan Buys, mev. Christene Hugo* (organiseerder) en *mnr. Heinrich Lategan* wat as begeleier optree.

Aktiwiteite, optredes en uitslae:

- Koorkamp: Die kamp vind in die laaste week van Januarie by Amanzi naby Brandfort plaas.
- Kunswedstryd: Die koor presteer uitsonderlik op die Kunswedstryd deur 5 A++-simbole te verwerf.
- Verjaardagdiens: Die koor tree op tydens die skool se verjaardagdiens, asook 'n fondsinsameling van die St James kerk met *Myan Subrayan*.
- ATKV Applous: Die koor neem aan Applous se prestige-afdeling vir meisiekore deel en ontvang goud tydens die streekfees. Hulle dring verder deur na die nasionale eindronde wat in die Sand du Plessis teater plaasgevind het en behaal 'n goue toekenning met 'n persentasie van 87,6%. Die koor eindig met hierdie toekenning vyfde in Suid Afrika.
- OSM Choir Festival: Die Odeion School of Music nooi jaarliks die beste kore in die Vrystaat- en Noord-Kaap-omgewing na hierdie prestige geleentheid op grond van hulle prestasies deur die loop van die jaar. Oranje is bevoorreg om ook hiervan deel te kan wees.
- Bloemhof Interskole: Die koor vertrek vroeg na Bloemhof om aan 'n konsert by die Hugo Lambrechts Musiekskool deel te neem. Oranje deel die verhoog met van die land se beste kore, onder andere Stellenberg, Bloemhof, Durbanville en Gene Louw. Tydens die kultuurinterskole met Bloemhof stel die koor oudergewoonte nie teleur nie.

Oranje kyk terug op 'n werklik besondere koorjaar en beloop om in 2020 voort te bou op 2019 se sukses!

2.2.2 Con Spirito

Con Spirito is die trotse sanggroep van Oranje. Die sanggroep bestaan uit 20 dogters wat passievol is oor musiek en veral sang. Die naam Con Spirito, wat musiek met geesdrif beteken, word in elke musiekstuk en optrede uitgeleef. Die sanggroep is sedert 2011 onder leiding van *mnr. Stefan Buys* en bou in 2019 op die baie suksesvolle jaar wat in 2018 afgesluit is.

Valentynsdag en ander optredes: Con Spirito tree oudergewoonte weer met groot sukses by die manne van Grey en Saint Andrews op. Hulle tree as gaskunstenaars by die jaarlikse Ma-en-Dogtertee op. Die dogters word ook genooi om tydens die skool se verjaardag by die 15 jaar reüniegroep se verrigtinge op te tree.

Kunswedstryd: Twee stukke word vir die jaarlikse kunswedstryd ingeskryf. 'n A++-simbool word vir albei stukke ontvang.

Goue Kore: Die Odeion School of Music nooi Con Spirito uit om op te tree by hierdie jaar se Goue Kore-aand vir presterende kore en sanggroepe van Bloemfontein en omgewing.

AHMP-interkole: Con Spirito tree op by die interkultuuroggend tydens die interkole met Afrikaans Hoër Meisieskool Pretoria.

Bloemhofinterkole: Con Spirito tree tydens die Interkultuuroggend by Bloemhof op en is oudergewoonte weer een van die hoogtepunte. Hulle gaan sing ook vir oudskoolhoof, mej. ML Spies, en die inwoners van Altena aftree-oord.

Ons sien uit na nog 'n opwindende jaar in 2020!

Organiseerder: mnr. S. Buys

2.2.3 Kamerkoor

As deel van 'n ryk koortradisie word leerders die geleentheid gebied om koorsang in 'n informeler omgewing te bevorder. Daarom word die Kamerkoor in 2013 gestig. Dit het voorheen as die Junior koor bekend gestaan.

Hierdie koor het tot in 2016 slegs uit graad 8- en 9-dogters bestaan, maar vanaf 2017 word leerders van alle grade die geleentheid gebied om hier te sing, as deel van die koor se visie as opleidingskoor.

Die koor tree in 2019 tydens verskeie skoolgeleenthede op, waaronder die Kultuuroggend met Affies, die kerkoptrede tydens die skool se verjaarsdagnaweek, Saaloptredes, asook die Prysuitdeling hoogtepunte is. Die koor neem deel aan die jaarlikste Kunswedstryd, waar hulle 'n A+ behaal en waarna hulle na die Odeion Koorfees genooi word. Die Kamerkoor was deel van die skool se Annie-produksie waar hulle die "Mansion staff" vertolk.

Organiseerder: mev. A. Armer

2.3 MUSIEKDEPARTEMENT

Die musiekdepartement beleef 'n uitsonderlike besige en suksesvolle jaar in 2019, met verskeie wonderlike hoogtepunte wat bereik word en baie nuwe leerders wat by ons aansluit.

2.3.1 Annie-produksie

Die produksie "Annie" word vanaf 25-27 Julie by Oranje aangebied. Hierdie musiekblyspel, 'n eerste vir Oranje, word met 'n rolverdeling van ongeveer 100 leerders, 'n orkes van 21 musici (insluitend professionele spelers en dogters) en 'n groot aantal dogters wat agter die skerms betrokke was, aangebied.

Die produksie, onder regie van *Michelle Hetzel* en met *mnr. Heinrich Lategan* as musiekregisseur, se oudisies word in Oktober 2018 gehou en repetisies begin direk hierna. Saam met die dogters tree daar ook drie professionele akteurs op – *Ilne Fourie* as Miss Hannigan, *Gertjan Holtzhausen* as Oliver Warbucks en *Mario Lategan* as Rooster Hannigan. Hoofkarakters uit Oranje is *Anneri Bisschoff* (gr. 12) as Annie, *Rehanjo Swanepoel* (gr. 11) as Grace Farrell en *Louise Loeb van Zuilenburg* (gr. 12) as Lily St. Regis in. Verder word die choreografie deur oud-Oranje *Elize Cogle* behartig, kostuums word deur *Lafras Verster* ontwerp en verhoogontwerp word deur *Michael Garbett* behartig. *Nicole Grobler* en *Franli Hedder* (oud-Oranje) tree as verhoogbestuurders op.

Ongeveer 1 700 mense woon oor die drie aande die vertonings by – 'n rekordgetal vir 'n kultuuraktiwiteit by Oranje. Die produksie word uitstekend deur die publiek ontvang, met wonderlike terugvoer en entoesiasme wat vir lank onthou sal word.

Wat spesiaal genoem kan word, is dat hierdie ervaring vir die meerderheid van dogters wat deelgeneem het, 'n nuwe ervaring was. Daarom kan ons met trots sê dat die produksie nie net na buite suksesvol was nie, maar ook vir ons eie dogters vir die res van hul lewe 'n hoogtepunt sal bly.

OMS-Musiek is uitsonderlik trots op ons dogters wat hulle uitstekend van hul taak gekwyd het. Daar word reeds met groot opgewondenheid na die volgende produksie uitgesien!

2.3.2 Simfonieorkes

Die OMS-Simfonieorkes beleef 'n suksesvolle jaar, met verskeie nuwe orkeslede wat deel word van ons getalle. Tans bestaan die orkes uit ongeveer 35 leerders, met feitlik alle orkesinstrumente wat verteenwoordig word.

Na 'n suksesvolle oefennaweek wat op 15-16 Februarie by die skool gehou word, neem die orkes aan die Vrystaatse Kunswedstryd deel. Hier word 'n uitstekende A++-simbool verwerf, met beoordelaar Louis van der Watt wat die orkes komplimenteer op goeie musiekkeuse, intonasie en entoesiastiese samespel. Die orkes neem ook deel aan die Interkultuurkonsert met Affies op 17 Mei. Daar word 'n gesamentlike konsert met die Vrystaatse Jeug-Blaasensemble beplan.

2.4.3 Konsertorkes

As gevolg van groeiende getalle word die OMS-Konsertorkes in 2019 gestig. Hierdie ensemble word bedoel as 'n opleidingsorkes waar beginners waardevolle opleiding en ervaring ter voorbereiding op 'n plek in die Simfonieorkes kan opdoen. Die orkes bestaan tans uit ongeveer 20 leerders, met weeklikse oefeninge. Musiek van 'n effens ligter aard word gespeel, om sodoende orkesmusiek op 'n gemaklike en genotvolle manier aan leerders voor te stel. 'n Suksesvolle eerste optrede word by die Vrystaatse Kunswedstryd gelewer, waar die orkes 'n A+-simbool verwerf.

2.4.4 Marimbas

Na aanleiding van die groot aanvraag na marimbalesse, word mej. Claudia Claassen as tweede afrigter (graad 8-9) saam met mnr. Lategan (gr. 10-12) aangestel. Ongeveer 40 dogters neem in 2019 marimbalesse, waar hulle die geleentheid het om in 'n informele groep sonder enige vorige musiekervaring saam te speel.

Die marimbas lewer verskeie optredes, waaronder die Vrystaatse Kunswedstryd, Opedag en Amanda Coetzer Tennistoernooi as hoogtepunte uitgesonder kan word. Tydens die Kunswedstryd behaal die groepe die volgende simbole: A++ (gr.12's), A+, A en 4 B+'e.

'n Groot prestasie word deur die Graad 12-Marimbagroep behaal, wat as gevolg van hulle uitstekende uitslag die Arrow Music-prys ontvang vir die hoërskool-ensemble wat die hoogste gemiddelde persentasie in die Ligte Musiekafdeling behaal het. Hulle word dan ook genooi om op 24 Mei tydens die Prysvenniskonsert in die Odeion op te tree.

2.3.5 Gr. 8 en 9

As gevolg van die skool se toewyding tot goeie musiekonderrig word die musiekkomponent van Skeppende Kunste as verpligte vak in graad 8-9 aangebied. Saam met die departementele kurrikulum word daar ook moeite gedoen om leerders se horisonne te verbreed en hul bloot te stel aan aspekte van musiek waarvan hulle nie noodwendig weet nie. Daarom word orkesinstrumente, musiekgeskiedenis en beluisteringsaktiwiteite ook ingesluit, eerstens om die liefde vir musiek weer in kinders te kweek en ook om hulle beter vir verdere studies voor te berei.

Leerders neem entoesiasties aan hierdie vak deel. Sodoende dien dit dan ook as 'n uitstekende voedingsbron vir vakmusiek in graad 10-12. Verskeie leerders word na aanleiding van hierdie vak aangemoedig om met nuwe orkesinstrumente te begin, om sodoende die skool se musiek op 'n volhoubare manier uit te brei.

2.3.6 Algemeen

- Twee leerders neem aan die Fichardtpark Musiekkompetisie deel.
- Drie leerders is deel van die Bloemfontein Kinderkoor, wat in Junie/Julie 2019 na Europa toer.
- Verskeie leerders lê musiekeksamens af, van wie heelwat uitsonderlike prestasies behaal. Etlike hiervan sluit in:

– <i>Ebet Bouwer</i>	Fluit Graad 8 (Trinity)	84%
– <i>Louise Loeb van Zuilenburg</i>	Tjello Graad 8 (Trinity)	91%
– <i>Anke Rheeder</i>	Viool Graad 7 (Trinity)	90%
– <i>Charlotte Doubell</i>	Klavier Graad 7 (ABRSM)	80%

- Verskeie leerders neem aan die Vrystaatse Kunswedstryd deel, waar pragtige prestasies behaal word. Hier kan Anneri Bisschoff uitgesonder word, wat met 'n A++-simbool die prys vir die beste sangeres in die Ligte Musiekafdeling verower. Sy word genooi om aan die Kunswedstryd se Prysvenerskonsert deel te neem.
- Vier dogters is deel van die Vrystaatse Jeug-Blaasensemble.
- Drie dogters speel in Augustus tydens die Grey Musiekfees in die orkes.

Organiseerders: mnr. H. Lategan en mev. A. Armer

2.4 SPREKERSVERENIGING

2.4.1 Debat

2.4.1.1 ATKV-debatkompetisie

Vir die sprekers van Oranje was 2019 'n goeie jaar waarin ons debatteerders presteer het.

In Februarie het ons die interne OMS-debatkompetisie gehou. Tydens die debatkompetisie het 54 leerders deelgeneem. Die vier beste junior en vier beste senior spanne is gekies om Oranje op 2 Mei 2019 by die ATKV-debat se eerste rondte by Hoërskool Kroonstad te verteenwoordig.

In die eerste rondte van die ATKV-debatkompetisie, het Oranje uitstekend gevaar. Sewe van ons spanne het hulle debatte gewen en al agt spanne dring na die ATKV-halfeindronde deur. Op 25 Mei 2019 het die volgende spanne by Laerskool Kroonheuwel in Kroonstad aan die halfeindronde deelgeneem:

Junior spanne

1. *Megan Theron, Karli van Heerden, Anina Groenewald*
2. *Nadine Heys, Karla Victor, Cara van der Bijl*
3. *Elsabé Paulsen, Lize Grobbelaar, Andrea Beukes*
4. *Lara Delport, Annemie Grobler, Tuané Heyns*

Senior spanne

1. *Vianke Herbst en Danielle Pienaar*
2. *Chané Nel en Christi Dempers*

3. *Tiané Theunissen en Jaden Henney*
4. *Marlé Strauss en Anika Horn*

Drie junior spanne en al vier senior spanne wen hulle debatte.

2.4.1.2 Interskole-debat

Twee groot informele geleenthede vir ons sprekers is ons jaarlikse debatkompetisie wat teen Afrikaans Hoër Meisieskool (Pretoria) en Bloemhof (Stellenbosch) gehou word. Op 17 Mei 2019 het een senior span teen AHMP by Oranje meegeding. Op 17 Augustus het een senior en een junior debatspan teen Bloemhof in Bloemfontein gepraat. OMS se seniors wen hulle debat teen Bloemhof en die juniors verloor naelskraap.

2.4.1.3 Dink-of-Sink-debatkompetisie

Op 1 Augustus 2019 is die Dink-of-Sink-debatkompetisie aangebied. Tydens dié kompetisie neem 32 spanne van reg oor die Vrystaat en Noord-Kaap by Oranje deel. Voorwaar 'n glansgeleentheid waarop ons trots is!

Die Dink-of-Sink-debatkompetisie word jaarliks in samewerking met *Volksblad* aangebied. Die kompetisie behels uitdunrondtes gedurende die middag waar die leerders in 'n junior of senior afdeling meeding. Na afloop van die middag se uitdunrondtes word bepaal wie die twee junior en senior spanne is wat die aand in die ML Spiessaal met mekaar meeding.

Dit is 'n kompetisie waarin die leerders geleer word om op hul voete te dink, want elke rondte word nuwe onderwerpe aan hulle verskaf. Die leerders geniet die kompetisie baie. Oranje is dankbaar om deel van só 'n geleentheid te wees.

Ons het hierdie jaar vyf junior spanne en een senior spanne vir Dink-of-Sink ingeskryf. Oranje se een junior span en ons senior span wen hierdie kompetisie en neem op 5 Oktober 2019 in Pretoria deel waar hulle die Sentrale Streek sal verteenwoordig. Hulle is:

Juniors: *Elsabé Paulsen Annemie Grobler Tuané Heyns*
Seniors: *Christi Dempers Jaden Henney Chané Nel*

Voorsitter: Tiané Theunissen
 Organiseerder: mev. R. van der Walt en A. Dempers

2.4.2 Redenaars

2.4.2.1 Radikale Redenaars

Die eerste rondte vind op 12 April by Oranje plaas. Die volgende leerders dring deur na die Vrystaatfinaal wat in Betlehem gehou is:

Danielle Spangenberg, Mia de Jager, Didi Nel, Meagan Straw, Hannalize Swanepoel, Marné Clase, Marianne du Plessis, Carli Olivier, Rehanjo Swanepoel, Grieta Brummer, Lizen Pienaar, Liebe Botha en Megan Vorster.

Die volgende leerders dring deur na die nasionale rondte wat op 12 Oktober in Pretoria gehou gaan word:

Cara van der Bijl, Marné Clase, Rehanjo Swanepoel, Megan Vorster, Helené Jansen van Rensburg, Danielle Theron, Nika Reinach, Lida Seagreen, Charlotte Doubell en Carmi du Plessis.

Die volgende lesers dring ook na die nasionale rondte van die Leesfees deur:

Mieke Louw, Katelyn Visser, Marné Clase, Mia Olivier, Clarissa Delport en Carli Olivier.

2.4.2.2 Oppie Tong Af

Die volgende leerders neem aan die Vrystaatronde deel wat op 15 April by Jim Fouché gehou is: *Mieke Louw, Mia Olivier, Grieta Brummer, Anneri Bisschoff, Megan Vorster en Liebe Botha.*

Rehanjo Swanepoel en Helené Jansen van Rensburg dring na die nasionale rondte wat op 4 Oktober in Midrand gehou gaan word, deur.

2.4.2.3 ATKV

Die volgende leerders neem aan die eerste rondte wat op 10 Mei by Willem Postma gehou is, deel: *Janke Pretorius, Mia Visagie, Cara van der Bijl en Helené Jansen van Rensburg.*

Lize Grobbelaar , Megan Lombaard, Didi Nel, Marné Clase, Grieta Brummer, Carmi du Plessis, Rehanjo Swanepoel, Megan Vorster en Liebe Botha neem aan die semi-finale ronde op 25 Mei in Kroonstad deel.

Vianke Herbst dring na die nasionale finaal wat op 2 Augustus by Goudini Spa gehou is, deur.

Voorsitter: Anneri Bisschoff
Organiseerder: mev. N. Swanepoel

2.5 VCSV

